



DR. J. F. J. VAN RENSBURG
wat uittree as
leier



PROF. D. J. VAN ROOY
Voorsitter van die Nuwe
Grootraad

VERGROTE LAERTREK STEM SAAM OOR TOEKOMS

Die Grootraad en Laertrek van die Ossewabrandwag het Saterdag in Bloemfontein eenparig besluit om af te stuur op die skepping van 'n omvattende republikeinse beweging wat die ideaal van 'n partystelsellose republiek moet propageer en bevorder en vir die doel 'n republikeinse koerant in die lewe moet roep.

Hierdie besluit is in 'n gees van versoening geneem deur ongeveer 300 aanwesiges nadat die wettige Laertrek en Grootraad eenparig besluit het om diegene wat sonder geloofsbriewe opgedaag het toe te laat om saam die besluit te neem. Terselfdertyd is besluit om die poste kommandant-generaal en adjunk-kommandant-generaal af te skaf en die gesag van die beweging te laat setel in 'n verkleinde Grootraad bestaande uit die voorsitter (prof. D. J. van Rooy), die beheerraadsleiers van die Suide (dr. F. D. du T. van Zyl) en die Noorde (mnr. Kalie Behrens), met die reg van koöpsie. Uit die staanspoor is adv. Kobie Marais van Pretoria as een van die gekoöpteerde lede benoem.

Bogenoemde besluite bring mee dat dr. J. F. J. van Rensburg uittree as leier van die Ossewabrandwag en dat Die O.B. omskep sal word in 'n mondstuk van 'n meer omvattende republikeinse beweging.

Die Grootraadsvergadering op Vrydag het in 'n groot spanning begin, aangesien die voorsitter slegs diegene kon toelaat wat geloofsbriewe ooreenkomstig die reorganisasie ontvang het. Die volgende dag is die spanning selfs verskerp toe groot getalle O.B.'s uit die noordelike gebiede, sonder geloofsbriewe, aangedring het op sitting in die Laertrek. Voordat die vergadering gekonstitueer is, het dr. Van Rensburg die byeenkoms toegesprek en die redes vir sy bedanking verstrekk. Hy het betoog dat Die O.B.-blad voortgegaan het om hom te ondermyn ten spyte van 'n Grootraadsbesluit wat sy houding in verband met die eenwording van die partye goedgekeur het. Hy het verklaar dat die blad net die Nasionale Party aanval en aanhoudend artikels teen die partystelsel skryf. Dr. F. D. du Toit van Zyl, Kaaplandse leier en voorsitter van die direksie van Die O.B., het geantwoord dat hy volle verantwoordelijkheid neem vir wat in Die O.B. verskyn het. Dit was altyd die O.B. se beleid om groter eenheid op parlementêre gebied te verwelkom, en daarom is dr. Van Rensburg se houding insake die eenwording van die twee partye goedgekeur, en word dit nog goedgekeur. Maar die O.B. kon sy aktiewe steun aan die nuwe party slegs verleen indien sy identiteit erken is en diskriminasie teen hom verval het. Dit was die twee punte wat dr. Van

Rensburg self altyd op gestaan het, en ons staan vandag nog daarop. Die persoonlike versekering dat ons welkom is met behoud van ons O.B.-skap bots met die amptelike handhawing van die diskriminasieklausule. Die ideaal van 'n partylose republiek is al die jare deur dr. Van Rensburg voorgedra, en ons bly nog daarby; daarom gaan Die O.B. voort om dit te propageer.

VERSOENING

Na 'n samespreking tussen dr. Van Zyl en dr. Van Rensburg het laasgenoemde hom bereid verklaar om die saal met sy volgelinge te verlaat sodat die Laertrek wettig gekonstitueer kon word.

Nadat hulle uit was, het die wettige Laertrek 'n versoek van mnr. Kalie Behrens, waarnemende leier van die Noorde, dat die kamerade daarbuite toegelaat moet word om saam oor die toekoms van die O.B. te besluit, oorweeg en eenparig besluit om dit toe te staan op die grondslag van 'n besluit wat die Grootraad die vorige aand geneem het, naamlik dat die poste kommandant-generaal en adjunk-kommandant-generaal afgeskaf word en dat voortgegaan word in die rigting van 'n partylose republiek.

TRANE

Solank die leiers agter op die verhoog beraadslaag het, het die lede van die wettige Laertrek

begin sing onder leiding van mev. D. J. Wolfaardt (Hellbron) en M. Harris (Kaapstad). Met trane in die oë is die Ossewabrandwaglied gesing met o.a. die woorde:

„So staan ons vasberade en gee mekaar die hand in die Ossewabrandwag vir die vryheid van ons land.”

Nadat die verskillende volksliedere gesing is, het die voorsitter, prof. Dirk van Rooy, dr. Van Zyl aan die woord gestel om die voorstel te lees. Na kort bespreking is besluit om die ander offisiere binne te laat. Hulle is staande verwelkom deur die lede van die Laertrek.

Die voorstel wat as volg lui, is daarop op voorstel van mnr. C. L. de Jager (Transvaal), gesekkeur deur mnr. P. R. Retief en J. de Villiers Truter (Kaapland), eenparig aanvaar:

BESLUIT

Hierdie Laertrek voel dat huidige omstandighede dit vir die O.B. moeilik maak om in sy bestaande vorm doeltreffend te funksioneer.

Daarom besluit die Laertrek as volg:

(1) Aangesien die O.B. as sodanig geen partypolitieke organisasie is nie, laat die Laertrek dit aan lede van die beweging heeltemal vry om na eie oortuiging by die Nasionale Party aan te sluit of nie.

(2) Die Grootraad sien, as positiewe taak van die O.B., die voortdurende kragtige propagering van die republikeinse staat, geskoei op die model van die tradisionele partylose Republiek van Transvaal, aangepas by die bestaanslewe van die

K.G.-SKAP VERDWYN

volk op politieke, maatskaplike en ekonomiese gebied.

Wat interne reëlings betref, besluit die Laertrek: om die poste K.G. en A.K.G. af te skaf en om sy Grootraad te verminder tot 'n Raad bestaande uit die twee Beheerraadsleiers van Noord en Suid en die voorsitter (saamroeper), met die reg van ko-optering, aan wie alle gesag toevertrou word tot verdere bepaling.

Hierdie gevolmagtigde raad word belas met die taak om onder andere:

(a) Die doelstellings van die O.B. te propageer en te bevorder;

(b) Alle eiendom of besittings van die O.B. te beheer en dit aan te wend vir voorligting van voornoemde doelstellings deur middel van 'n republikeinse blad; met die duidelike verstandhouding dat Majuba nie vir bogenoemde doeleindes verkoop sal word nie;

(c) Die moontlikhede te ondersoek en af te stuur op die skepping van 'n omvattende nie-partypolitieke republikeinse beweging vir die voortsetting van die beginsels en ideale van die Ossewabrandwag;

(d) Die ondersteuners van die beweging aan te vuur om hulle voortaan rondom 'n republikeinse blad vir daadwerklike ondersteuning te verenig;

(e) Volmag uit te oefen ten opsigte van alles wat hy mag beskou in belang van die O.B. te wees.

DANK

Die vergadering het sy dank uitgespreek aan die leiers wat verantwoordelik was vir die skikking en aan dr. Van Rensburg vir wat hy alles in belang van die Ossewabrandwag in die verlede gedoen het.

Verdere dank is uitgespreek teenoor die waarnemende leier, mnr. J. A. Smith, en die voorsitter, prof. Van Rooy. Die teenwoordiges het uiteengegaan nadat Prys die Heer en Die Stem gesing en die voorsitter met dankgebed gesluit het.

Die vergadering het ook groot (Vervolg in volgende kol.)

PARTYPOLITICI VAN TROON GESTOOT IN FRANKRYK

In Frankryk het daar in die jongste maande iets merkwaardigs plaasgevind: daar het politieke rus ingetree na 'n jarelange tydperk van kabinetkrisisse en staatsverval. Hierdie land, wat op die rantjie van instorting gestaan het — tot so 'n mate dat daar 'n tyd-stip was dat Amerikaanse militêre leiers hom klaar afgeskryf gehad het as 'n bondgenoot teen die kommunisme — is besig om sodanig te herstel dat daar reeds alle hoop bestaan dat hy binnekort weer op sy voete sal staan. Tot so 'n mate het daar vertroue by sy eie volk posgevat dat hulle weer bereid is om hul opgegaarde goud in te ruil vir staatseffekte.

Vir hierdie verandering ten goede bestaan daar 'n baie grondige rede: Die partypolitici is van die troon gestoot. In hul plek het daar 'n onafhanklike premier gekom wat net een doel voor oë het, naamlik diens aan sy vaderland, en hy doen dit sonder die steun van 'n politieke party. Hierdie Fransman is Antoine Pinay, wie se naam 'n paar maande gelede nog nêrens buite en selde in Frankryk gehoor is, maar wat reeds soveel agting afgedwing het dat die mees kritiese buitelandse tydskrifte van hom praat as die moontlike redder van Frankryk.

Sedert die jongste oorlog het Frankryk 'n stuk of sestig regeeringsveranderinge gehad. Teen die end van Februarie hierdie jaar het die politieke partye mekaar so doodgewurg dat geen-

een van hulle meer 'n regering kon vorm nie, en toe Edgar Faure se bewind na slegs 'n paar weke intuimel, het die wêreld gewag op die likwidasië van Frankryk. Die landseksonomie

Voorspoed en Rus Tree in

was in so 'n toestand dat nóg buite- nóg binnelandse verpligtinge nagekom kon word.

Die president het die een politieke leier na die ander gevra om 'n regering saam te stel, maar sonder welslae. In wan- (Vervolg op bladsy 4, kolom 1)

Lede van Nuwe Raad



DR. F. D. DU TOIT VAN ZYL



MNR. K. J. H. BEHRENS



ADV. J. F. MARAIS

(Vervolg van vorige kolom)
waardering gehad vir die werk van die plaaslike O.B.'s onder leiding van die waarnemende generaal, mnr. Nic. Coetzee, mev. Coetzee en Z. van Niekerk, wat verversings verskaf het.

DIE O.B., WOENSDAG, 27 AUGUSTUS 1952.

ONS IDEALE LEWE VOORT

Die Laertrek van die Ossewabrandwag verlede Saterdag in Bloemfontein sal aangeteken staan as 'n historiese gebeurtenis. Dit was die afsluiting van 'n reeks onaangenaamhede binne die Beweging wat rondom die voormalige leier, dr. J. F. J. van Rensburg, afgespeel het, en dit was die herbevestiging van die ideale van die Ossewabrandwag, gepaard met 'n gesamentlike onderneming van al die aanwesiges om dit kragdadig te bevorder deur sowel die propagering daarvan in 'n republikeinse blad as deur die skepping van 'n omvattende republikeinse beweging wat die stryd sal voortsit ter verwesenliking van die ideale en beginsels wat die Ossewabrandwag in die afgelope veertien jaar na die beste van sy vermoë probeer bevorder het.

Indien hierdie voorneme nie slaag nie, sal 23 Augustus aangeteken staan as die sterfdag van daardie beweging wat in die Voortrekkereuefeesjaar tot stand gekom het om ons volkseie ook op staatkundige gebied tot sy reg te bring. Maar ons hoop op beter dinge as dit. Veel eerder verwag ons dat waar die konstitusionele samestelling van die Ossewabrandwag nou verander is die weg daardeur berei is vir die konsolidering van die republikeinse Afrikanerdom rondom dieselfde ideale op 'n nuwe grondslag en met 'n nuwe gesindheid. As die republikeinse vlinder van môre te voorskyn sal kom uit die papie van vandag, dan is die O.B. gewillig om homself toe te spin tesame met alle onaangenaamhede van die verlede wat aan sy naam en bestaan mag kleef.

DUIDELIKE POSISIE

Dit is nodig om die posisie baie duidelik te stel, want uit 'n verwarde begrip kan net nuwe ontugtering opduik, en voordat ons die doek laat val oor die verlede, wil ons 'n paar punte opklaar:

Die eerste punt gaan oor die posisie van dr. Van Rensburg. Soos ook blyk uit dr. Van Rensburg se verklarings in die pers het daar verskil van mening ontstaan oor die rigting wat die Ossewabrandwag moes inslaan. Sy beleid was om die Beweging terug te lei na die partypolitiek waar sy lede met ander Afrikaners kon stry teen gemeenskaplike ewels en gevare. Die ander leiers het egter geglo dat die redding van die Afrikaner nie binne die partypolitiek lê nie, hoewel daar tydelik nuttige werk gedoen kan word. Maar enige duursame oplossing van ons volksvraagstukke kan slegs bereik word langs die weg van volksoptrede wat moontlik gemaak moet word deur die vervanging van die partystelsel deur ons eie nie-partypolitieke regeringstelsel op 'n grondslag van gesamentlike verantwoordelijkheid deur die hele Suid-Afrikaanse volk.

Dit was duidelik dat die Beweging voor 'n keuse gestaan het: om of sy leier terug na die partypolitiek te volg, of sonder sy leier voort te gaan op sy historiese koers. Vir 'n baie groot getal O.B.'s wat aan die persoon van dr. Van Rensburg verkleef was weens die kameraadskap van die oorlogsjare, was dit moeilik om die enigste logiese keuse te doen, en toe dit vir hulle lyk of Die O.B. te skerp op dr. Van Rensburg se optrede reageer, het hulle gevoel dat hulle liewer by hom wil staan al sal hulle nooit saam met hom binne die party ingaan nie. Vir hul houding kan mens waardering hê. Andere het gevoel dat die ideale van die Ossewabrandwag meer is as persoonlike oorwegings — selfs meer as kameraadskap.

SKEURING GEVREES

Met hierdie botsende gevoelens het offisiere na die Laertrek gegaan om daar, soos hulle verwag het, die bittere leed van 'n skeuring te ondergaan. Maar dit is deur 'n Hoër Hand verhoed. Dr. Van Rensburg het uitgetree deurdat die pos kommandant-generaal wat hy soveel jaar beklee het, afgeskaf is, en sy volgelingen het hulle eenparig opnuut verbind om voort te stry vir die partylose republikeinse ideaal. Saam met hul broers gaan hulle voorlopig organiseer rondom 'n republikeinse blad onder 'n nuwe naam.

Aan dr. Van Rensburg is deur die hele Laertrek dank uitgespreek vir wat hy in die verlede in belang van die Ossewabrandwag gedoen het. Sy groot opofferings in die oorlogsjare, toe hy die land deurkruis het in belang van ons ideale is in gedagtenis gebring, en dit sal in gedagtenis gehou word solank die naam van die Ossewabrandwag in die geskiedenis lewe.

Diegene wat hulle in Bloemfontein rondom die republikeinse vaandel geskaar het, is lank nie die enigste republikeine in ons land nie. Binne en buite die politieke party is daar nog baie duisende Afrikaners wat voel soos ons. Hulle het ons nodig en ons vir hulle voordat ons ideaal bereik kan word. Vorentoe sal ons paaie weer inmekaar moet loop. Intussen doen elkeen sy plig waar hy sy plig die dringendste ag. Maar op een punt stem die hele Ossewabrandwag nou saam, en dit is dat die toekoms van ons volk uiteindelik afhang van die welslae van ons pogings om die Republiek ooreenkomstig ons volkseie stelsel in die lewe te roep.

Van die Os op die Esel

Moet ons Majuba-dag opsyk?

Ek het 'n brief ontvang van mnr. M. C. Joubert, Mariba, Rayton, Transvaal. Mnr. Joubert is 'n oud-stryder — hy was 'n dapper soldaat in die Boere-magte wat 'n halwe eeu gelede die wapen vir die Republiek opgeneem het. Mnr. Joubert skryf dat hy baie besorgd is oor die geestelike aftakeling van ons volk. Hy sê dat iemand moet begin skreeu om die volk op te roep om die pad te bewandel wat hom na nuwe geestelike hoogtes sal lei. Hy sluit 'n artikel in wat die vraag behandel: Is ons Christene?

Ek publiseer oud-stryder Joubert se waarskuwings en wekroep in die geheel. Hier volg dit:

Omtrent die viering van Majuba-(Vryheids)dag — kom ons skuif dit opsy. Dit sal tog nie aangenaam wees nie as die Engelse 'n Magersfontein-dag vier.

Laat ons liewers al ons kragte inspan, en vasbeslote en seker wees dat ons die Unie 'n Republiek gaan verklaar binne sewe jaar. Dan het ons mos nie meer daardie Dag nodig nie want dan sal Afrikaans- en Engelssprekende Afrikaners werklik 'n vrye en jubelende volk wees.

Die viering van Majuba-(Vryheids)dag sal nie die samewerking van alle seksies bewerkstellig nie. En ons O.B.-doel moet wees 'n geheel en al samewerking van alle seksies, van watter kleur ook al, om 'n sterk nasie te kan bou. Soos die Amerikaners dit gedoen het.

Christelik Nasionaal?

Ook waarom dan 'n Christelik-Nasionale Republiek? Waarom nie net 'n Suid-Afrikaanse Republiek nie? Wanneer die republiek gestig is kan dit tog niks anders dan 'n nasionale republiek wees nie; dit kan tog immers nie 'n perd- of bok-republiek wees nie; en 'n Christelike republiek kan dit nooit wees, totdat die volk Christene word nie.

Luister wat het Gandhi vir my jare gelede in 'n gesprek oor geestelike dinge in Pretoria gesê: Julle Christengeloof is die mooiste, reinste en mees aanmoedigende leer van heel die wêreld se profetiese leerstellings, maar daar is nie een van julle Christene wat die leer in sy hart dra en uitleef nie, en sou ek 'n Christen word, dan sal ek die enigste Christen op aarde wees, want ek sal die leer in my hart dra en uitleef. Ek meen Gandhi was reg.

Wanneer ek die doen en late van hedendaagse Christene bepeins, dan sien ek en word ek gewaar van presies 'n teenoorgestelde leer van die wat Jesus verkondig het.

Die apostel Johannes sê: Die wat sê hulle het God lief, en nie hulle naaste en vyande lief het nie, maar haat, die is leuenars, en ek sê ook geen Christene nie.

Jesus sê: Het jou vyande lief. Al wat ek kan sien is net haat, nyd en moord vir hulle. Eer God, ek sien en hoor gedurig 'n verkleinering van Hom. Insteede van gee, is dit gedurig gryp. 'n Klomp Nasionale Party-Afrikaners smeet swart en skel uit, net soos skollies, 'n ander klomp Verenigde Party-Afrikaners; en die weer op hulle beurt doen net dieselfde teen die N.P.-Afrikaners. Dus tesame maak hulle die hele Afrikanerdom tot 'n afskuwelike nasie en glad nie 'n Christen-nasie nie.

Is ons Christene?

Christus leer: Het al die mense lief, en leer hulle deur voorbeeldig te wees in julle handel

Deur Sybrand

en wandel; en dat God liefde is, barmhartig is, langmoedig is, eerlik is, regverdig is, vriendelik, vaderlik en vrolik is. Wie van ons kamma-Christene stel Hom so voor, in elke minuut van ons doen en late?

Die verterende boosaardigheid, jaloesie, grypsug, geveinsdheid, leuentaal en bedrog wat in ons harte woon, het Satan daar geplant. Daarom Gandhi se redenasie: Wanneer ons Christene geword het, sal die republiek self wys dat dit 'n Christen-republiek is en ons sal nie nodig hê nie om dit as sodanig te adverteer nie.

Ek sal gehaat word vir die waarheid wat ek bloot lê in plaas om my daarvoor lief te hê, maar as ons soos Jesus na die Vader van die binnekamer gaan, sal Hy ons oortuig dat ons nie Christene is nie.

Hou op met piep

Waarom die kuikengepiep van Stryddae, Vryheidsdae en verdrukings? Is ons dan nie 'n sterk en vrye volk nie? En wie kan ons bind? Ons piep Majuba 'n oorwinningsdag, Magersfontein 'n nederlaagsdag, Vereeniging 'n vernederende dag, en gedurig hou ons die oë op die soort vernederende kuikengepiep en verblind ons nageslagte met onheil en haat. Laat ons liewers voortstap as onverskrokke, groot, sterk, manmoedige aristokratiese manne wat hulle nie vermoei met halters en rieme nie wanneer met kanonne geskiet moet word. Laat ons as edele onafhanklike manne ons gedra, vry van bitsige klein krummeltjies, vry van ydele mymerende drome van 'n eens gewese verowering, vry van die gewese dooie partypolitiek wat nou al net so dood is soos die spreekwoordelike mossie.

Vir my bestaan al die genotemde beletsels nie meer nie, en ek wil graag die ingebore edelheid van ons nasie weer sien, net soos 'n Engelse offisier dit gesien het na die Engelse Oorlog. In 'n gesprek het die offisier aan my gesê: Ek kan julle Boere nie verstaan nie. Julle is almal aristokrate in julle houding, handel en wandel. Selfs julle bywoners is aristokrate. Ek verduidelik aan hom dat ons spruit uit die edelste families van Europa en as sodanig gedra ons ons nog.

Staljongens het saamgekom

Jammer daar het ook staljongens met die edeles saamgekom, en baie van ons kammakastige grootse gedra hulle nog soos staljongens. Ek wonder wat die offisier vandag van ons sal dink wanneer hy sien hoe die staljonge-element onder ons die aristokratiese element oorweldig.

In die Engelse Oorlog nog voordat ons 'n skoot geskiet het, het president Steyn 'n mnr. Du Preez gestuur om al die Vrystaatse laers te besoek en dan aan hom te rapporteer wat gaande is. Mnr. Du Preez hef aan my vertel dat hy ook gerapporteer het dat ons die oorlog gaan verloor omdat ons offisiere en manskappe gedurig oor halters en rieme twis, en nie kyk na die kanonne nie.

'n Boom word geken aan sy vrugte. Hoe lyk die vrugte van die sogenaamde Christelike boom vandag oor die ganse Christendom? Bitterappels! William Penn het gesê, as 'n volk nie deur God regeer word nie dan is die regeerders Tiranne. En luister 'n volk nie na God nie, sal daardie volk na bomme luister.

Al middel wat ons op die regte pad van Suid-Afrika sal

laat wandel en reg doen, is: word Christene!

Alles wat oefen die groei en word sterk. Alles wat teen mekaar skuur slyt op.

Kwaaddoeners is gekke, en hulle weet dit nie, want die kwaad vernietig homself en diegene wat dit doen.

Die kieme van goed en goed doen is in ons binneste geplant, en as ons toelaat dat die kieme ontkiem dan groei daar liefde, die grootste ding in die Skepping; en ons het alles waarmee ons in aanraking kom, mens en dier, lief. Aan die teenoorgestelde kant kan ons weer Satan se kieme laat ontwikkel en dan groei in ons 'n afsku aan mens en dier met wie ons in aanraking kom. Dis beter om die kieme wat God geplant het te laat groei, dan word ons jonk, sag en ons las lig, en die mens verander in 'n juigende, breed-sienende, lankmoedige wese, wat die sondige krummels van bitterheid, kleingeestigheid, piepende gedagtetjies doodsmoor. Alles hang daarvan af of God of Mammon ons vader en vriend is.

Makgemaakte of Desperate Barbare

Dit is vir my interessant om te lees wat die wêreld se nasies doen en wat die aansporing vir hul dade is; en dan kom ek tot die gevolgtrekking dat hoe ouer 'n nasie word hoe meer brutaal hy word, en dat daar nog net vier beskaafde nasies in die wêreld is. Die nog aristokratiese Afrikanervolk staan bo. Frankryk, Engeland en die V.S.A. staan op gelyke voet. Die res van Europa se nasies is eerder makgemaakte of desperate barbare, met miskien een beskaafde mens in elke duisend. Was die barbare van Bloukrans meer wreed dan die hedendaagse barbare van Europa gedurende die jongste oorlog?

Sien u hoe dat haat nasies versleg tot wrede barbaarsheid. Hulle het God en Jesus se leer, hoe om lief te hê opsy gestoot en dwarsboom iets hulle dan bars Satan los in hulle binneste waar sy kieme gesaai is.

Is ons Afrikaner-Christene ook op die pad van Europese barbaarsheid? Ja, wel! Solank ons haat in ons binneste rondra wat ons die ewewig laat verloor sodra 'n kleinigheid ons dwarsboom. Kyk maar net hoe ons partypolitieke te kere gaan oor nietighede; hulle soos veggende honde gedra; raas en tjank en mekaar voortdurend byt.

Onthou dit! 'n Mens is nie groter dan die klein dingetjies wat hom opgewondenheid veroorsaak en trotseer nie.

Kom ons neem so 'n klein kykie in dinge wat daeliks plaasvind in ons volk se gedrag: Dis dans en drink; dis inbreek in huise en winkels; dis naaste haat; dis een moord op die ander; dis vrouens aanrand; dis moord met motors en vuurwapens as kastige ongelukke; dis lieg en bedrieg; dis omkopery; dis een politieke party onderkruip die ander. Ek noem maar 'n paar dinge (lees van al die gemors onder ons volk in die koerante), en ons gee voor ons is Christene. Dit skyn ons is Christene op die lekker breë pad van haat. Ons luister nie na God se Stem nie, ons sal na die stem van bomme luister!

Nuwe en Regte Pad van Suid-Afrika

Dank die Herder dat Hy besig is om ons volk se slegtigheid te keer. Hy het sy wagtters geroep en hulle staan vas soos rotse. Hulle is ons broers, die O.B.'s. Hulle het 'n nuwe en regte pad van Suid-Afrika geopen — die pad wat na grootmoedigheid lei, waar geen kuikengepiep gehoor word nie; die pad van breë

(Vervolg op bl. 3 kolom 2)

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

TARIEF:

Hulshoudelike Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwenssing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 persent afslag.

Handelsadvertisies:

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) REPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.

DOODBERIG

ROUX, Paul. — Sag heengegaan aan sy woning Di Rialto, Suider-Paarl, op 24 Julie in die ouderdom van 81 jaar en drie dae, my teerbeminde vader. 2 Tim. 4: 7. — Treurende dogter, Bettie. 27/8/1

TE KOOP

Geschiedkundige sportgeweer, 11.2-mm. Mauser (Sauer) gebruik deur „Fasie” in Sangiro se „Op Safari.” Ideaal vir grootwild vanaf koedoe tot olifant. Loop perfek, akkuraat. f55. 200 patrone vir f15. — Jerling, His Majestys-gedou, Johannesburg. 27/8/3

KENNISGEWING

Aan kamerade en vriende wil ons graag bekend maak dat ons 'n nuwe teekamer in Du Toitskloof geopen het. Alle soorte verversings, asook etes is verkrygbaar.

MNR. EN MEV. MÖLLER.

20/8/2B

MEUBELS

MEUBELS.—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stookkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meid waarin u belangstel. — VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad. 3/12/11

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasleweg, Parow, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-aannemers. Foon 9-8435.

HORLOSIES EN BRILLE

H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

GRYSHARE

GRYSHARE, skiflers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur GRYSHAREWONDER, die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar- en kopvelvoedingsmiddel te gebruik. Skadeloos, kleurstofvry, 5s. per bottel, geld met bestelling.—Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. D1/9/49

ANTIGREYS herstel gryshare en baard tot natuurlike kleur. Geen kleurstof. Verwyder skiflers, laat hare groei, ens. Gewaarborg of geld terug. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg. E14/6/50

MEDISYNE

GESONDHEID is u regmatige erfenis. Oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel. Skryf, inligting gratis. Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. B1/9/49

Duisende is reeds van hulle kwale bevry. Talle vind daagliks baat. Waarom sal u langer ly? Skryf dadelik. Raadpleeg Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg. (Nr. 3) 1/9/49



DIE STEMPEL
VAN UITKOMS
WANT BY
SANLAM
IS UITKOMS
VIR ELKEEN

Dit is in tyd van nood
dat 'n mens na jou eie
mense soek...

Dit is in tyd van nood
dat 'n mens jou eie mense
vind—by Sanlam

Maak voorsorg vir uit-
koms by **SANLAM**



GESAG OF REVOLUSIE

Mnr. A. J. van Rooy, Potchef-
stroom, skryf:

Die wet oor die afsonderlike verteenwoordiging van kiesers het 'n konstitusionele stryd laat ontstaan. Daar het 'n botsing gekom tussen die regterlike gesag en die wetgewende gesag en die vraag is: wie moet die deurslag gee?

Een sienswyse oor hierdie vraagstuk is dat die volk soewerein is, dat die volk eintlik die gesag besit. Hierdie gesag dra hulle (die volk) oor aan hulle volksverteenvoorgeders, die volksraad. Die volksraad het dan eintlik die hoogste gesag, is soewerein en sy wil moet die deurslag gee.

Hiermee is ons dan ook in direkte lyn met die Franse Revolusie, wat onderskei het tussen wetgewende, uitvoerende en regterlike gesag; die wetgewende gesag moes ook die deurslag gee. Dit het dan ook gebeur in Frankryk met beide plesierige en onplesierige gevolge. Iemand wat homself stel op die standpunt van volle soewereiniteit, is beslis nie anti-revolusionêr nie.

Laat ons daarteenoor die beginsel stel dat God soewerein is, en dat Hy elke land laat regeer deur 'n regering wat soewerein in sy eie kring is. Die regering is dan soewerein en nie die volksraad nie.

Wat verstaan ons dan onder „die regering”? Die regering van die land bestaan uit die uitvoerende, wetgewende en regterlike gesag, reg genoeg. Maar die staatshoof (koning, president, Goewerneur-generaal) is ook deel van die regering. Hy vorm die

Soos Ons Lesers Dit Sien

skakel tussen die uitvoerende, regterlike en wetgewende gesag. Die staatshoof verleen geldigheid aan wette deur dit te onderteken, geldigheid aan die amp telike stukke van die uitvoerende gesag deur dit te onderteken, en geldigheid aan die hoogste vonnisse deur dit te onderteken.

Wanneer daar botsing ontstaan oor die geldigheid van 'n wet: wie het die wet onderteken? Die staatshoof. Dit is die plig van die staatshoof om te sorg dat daar die nodige harmonie bestaan tussen die wetgewende, uitvoerende en regterlike gesag. Hy moet die deurslag gee en nie die volksraad of watter ander gesagsliggaam of -persoon nie.

Ons beleef nou 'n konstitusionele stryd en moes eintlik op sien na ons staatshoof, die Goewerneur-generaal, om die kwesie op te los. Maar ons grondwet skakel hom heeltemal uit.

Met alle respek vir sy persoon, wat was sy houding as ampsbekleder tot dusver? „How calm, how self-possessed. Is he dead?” Dit was Mark Twain se reaksie toe hy die eerste keer 'n Egiptiese mummie gesien het. Dit wil werklik voorkom asof ons Goewerneur-generaal saliglik onbewus daarvan is dat hy nou die spil is waarom alles

(Vervolg in volgende kol.)

„RAADPLEGING VAN NATURELLE IS NIE BESLISSEND”

'n Belangrike verklaring oor beleid is verlede week namens die Britse regering gedoen by monde van die minister van kolonies, Henry Hopkinson, toe hy in Niassaland hom uitgelaat het oor die kwessie van raadpleging van die natuurle. Die beleidsverklaring is van besondere betekenis vir Suid-Afrika met die oog op die oordrag van die Britse Protektorate aan die Unie.

Hopkinson het in verband met die beoogde federasie van die Midde-Afrikaanse gebiede gesê dat die natuurle onder die indruk verkeer dat raadpleging met hulle inhóu dat indien hulle beswaar maak, federasie nie sal plaasvind nie. „Dit is nie juis nie,” het hy gesê. „Mens kan nie koppe onder die natuurle tel nie. Daar bestaan geen stelsel van stem nie. Daar is geen stelsel waardeur ons 'n beslissing oor federasie kan verkry na die een of die ander kant nie.

BESLISSING BERUS BY LONDEN

„Afgesien hiervan berus die verantwoordelikheid en plig by die minister van kolonies

om die volk te beskerm in hierdie gebiede wat nie self-regerend is nie.

„Hy sal die eindbeslissing moet neem in oorleg met die kabinet in die lig van alle omstandighede — ekonomies en politiek, binnelands sowel as buitelandse.”

Dit sal goed wees as die Unie-regering hierdie woorde in gedagte hou wanneer daar onderhandel word oor die oordrag van die Protektorate, want die Britse regering skyn tans baie geneig te wees om die oordrag onderhewig te maak aan die goedkeuring van die inwoners, terwyl in die oorspronklike verstandhouding slegs melding van raadpleging gemaak is.

Van die Os op die Esel

(Vervolg van bls. 2, kol. 5.)

sienswyse en waarop in stede van haat liefde woon; die pad van gee waar die gryp-kanker nie kan groei nie; die pad van vrede vir almal en wat vry is van partypolitieke ewels; die pad van 'n partylose regering; die pad van vreemde bande vry; en die pad van die Republiek wat sy plek in die volkery sal inneem.

Ons O.B.'s sal op hierdie pad bly, want dit is die enigste pad wat van ons weer Christene sal maak en wat ons sal verhoor om barbare te word.

Ons sal die Slagtersnek en ander slegte dade aan ons gedoen vergeet en vergewe. Hulle was maar die stawe wat die Herder gebruik het om ons nou

op die O.B.-pad te bring, en van ons sterk, barmhartige, edel, vrye, blymoedige en aristokratiese manne te maak.

Leser, wek die pad nie 'n brandende gevoel van ek wil ook help in u op nie? Help om vir ons nageslagte 'n erfenis na te laat van vreemde bande vry. Ook vry van die vreemde bande van haat, twis, lieg en bedrieg, geveinsdheid, gryp en uitbuitery? Help nie net om 'n nasie te bou nie, maar help om 'n edel nasie te bou.

Ons moenie probeer om ons buurman beter te maak nie. Kom ons begin elkeen om homself beter te maak. Dan word ons nasie beter en ook ons buurman en ander nasies.

DIE BRITSE REGERING AANVAAR INDIËRS IN AFRIKA AS BLANKE DEEL

Brittanje beskou die Indiërs in Afrika as 'n gevestigde deel van die bevolking, en hulle sal op gelyke voet met blankes geplaas word. Hierdie beleidsverklaring is verlede week as die amptelike standpunt van die Britse regering aangekondig deur die plaasvervangende minister van kolonies, Peter Smithers, toe hy 'n vergadering van Indiërs op Blantyre (Niassaland) toegesprek het.

Die Indiërs het beswaar gemaak teen die feit dat daar in die beoogde federasie van Midde-Afrika wel uitdruklik voorsiening gemaak word vir natuurle-verteenvoorgeders, dog nie vir

Indiër- en Kleurlingverteenvoorgeders nie.

Smithers het verklaar dat dit 'n belangrike en ongelukkige afwyking sal wees indien die Asiëte in afsonderlike gemeenskappe gesegregeer word. „Die verwagting is dat die Asiëse en blanke gemeenskappe uiteindelik in harmoniese eenheid as een liggaam sal saamwerk en dat die natuurle sal opgroei om hul plek langs hulle in te neem.


OORWIG

'n Indiese woordvoerder het gesê dat daar 7,000 Asiëte teenoor 5,000 blankes in Niassaland is, en dat hulle geken behoort te word.

Hierop het Smithers gesê dat Brittanje se standpunt is dat die Asiëte blywend in Afrika is. Die voorgestelde federasieplan praat net van ses natuurle-verteenvoorgeders en 29 ander in die raad. „Onder die 29 ander kan blankes wees, daar kan Kleurlinge wees en daar kan Asiëte wees.”

ROOK LIEWER

Hierdie Filter



„Rembrandt is easy on my throat”



TITO GOBBI
Beroemde Italiaanse Bariton

Rembrandt
FILTER DE LUXE



RFA5

Kopiere

Partylose Premier Regeer

(Vervolg van bladsy 1 kolom 5)

hoop het hy hom gewend tot 'n onbekende mannetjie — die sestigjarige Antoine Pinay. Pinay is 'n klein nyweraar, wat as onafhanklike lid in die vooroorlogse jare in die parlement gesit het. Tydens die oorlog het hy eers met Petain se Vichy-bewind saamgegaan, maar hom later onttrek en in stilte gewoon. Met die eerste verkiesing na die oorlog het hy hom vereenselwig met die beleid van die Onafhanklike Republikeinse Party en word hy weer herkies.

LEEFWYSE

Hy is 'n harde werker, maar baie sku vir publisiteit. Sy leefwyse is ingetoë en draai rondom sy gesin. Van openbare en sosiale funksies hou hy niks, en ten spyte van sy hoë amp vandag, woon hy nog steeds in 'n beskeie woonstel.

Toe hy vir die eerste maal deur die president versoek is om 'n regering saam te stel, het Pinay geweier, maar het later toegegee toe die president volhard. Nadat hy ingewillig het, het hy na vore gekom met die sterk verklaring dat hy Frankryk as 'n administrateur sal lei, en nie as 'n partypolitikus nie, in dieselfde gees wat hy sy eie klein fabriek bestuur.

PARTYE SKEUR

Politieke waarnemers het 'n kortstondige bewind voorspel, maar toe hy na die parlement gaan vir sy vertrouensmosie, stem die oorgrote meerderheid vir hom, en al gou wen hy die vertroue van die gewone party-

Atlete Vlуг Uit Rooi Lande

Soos by vorige geleenthede het etlike atlete wat onlangs in Helsinki, Finland, deelgeneem het aan die Olimpiese Spele, geweier om na hul kommunistiese vaderland terug te keer. Een van die lede van die Hongaarse span het in Finland asiel aangevra, terwyl ses lede van die Joego-Slawiese span by Duitsland om skuiling aansoek gedoen het.

En Joego-Slawië is, volgens Westerse mening, 'n mak kommunistiese land!

memo oor
persoonlike
keurigheid



Produkte van Suid-Afrika

Enigste Distribueerders in Suid-Afrika:

H. J. Niehaus (Edms.) Beperk

Posbus 4883, Johannesburg

Posbus 2108, Kaapstad

lede tot so 'n mate dat selfs die magtige volksbeweging van De Gaulle in twee skeur omdat 'n deel van sy ondersteuners weier om teen Pinay te stem, soos hulle aangesê was om te doen. De Gaulle het naamlik gehoop om self die bewind binnekort oor te neem indien hy sy mag gebruik om die wankelmoedige partybewinde so gou as moontlik in die graf in te help. Maar hy het hom misreken met Pinay, omdat laasgenoemde op sy eie manier van die partye weggebreek en hom regstreeks op die volk beroep het. In 'n toespraak oor die radio het Pinay die harte van die volk gevang. Sy egtheid het soos 'n toring uitgesteek bo die partypolitieke puin waarmee die Franse volk die tientalle jare te doen gekry het. Hy het die taal gepraat waarna die gewone man na jarelange partypolitieke drogredenasies en opsweping gesmag het. Met een enkele optrede het hy die hart van die volk dermate gewen dat geen partyleier voornog dit kon waag om hom openlik tot 'n val te probeer bring nie ten spyte van die feit dat hy maatreëls deurgevoer het wat so drasties is dat geen partypolitieke leier vir 'n enkele oomblik sou droom om dit deur te voer nie.

EGTHEID

Pinay is geen groot redenaar nie, hoewel die inhoud van sy toesprake van hoogstaande gehalte is. Maar die egtheid en simpatie wat van hom uitstraal is so groot, dat sy woorde die volk meevoer. Toe die partyleiers dus gereed maak om Pinay se bewind na 'n paar weke omver te werp soos hulle met alle ander regerings gedoen het, was hulle so oorstrom met telegramme, briewe en beroepe van hul eie ondersteuners dat hulle dit nie kon waag nie. Soos een waarnemer dit uitdruk: „Tot groot woede van die partypolitici het iemand uiteindelik bo-oor hul koppe heen die oor van die kiesers gewen.”

DRASTIESE MAATREËLS

Ten spyte van die gekef van die partypolitici het hy die begroting drasties besnoei, en ander ekonomiese maatreëls deurgevoer wat soveel vertroue herstel het dat die frank binne 'n paar weke in waarde begin styg het en dat die opwaartse vaart van pryse tot stilstand en selfs na benede gebring is. Twee weke gelede het Pinay in hierdie opsig weer iets gedoen wat geen politikus sedert die oorlog gewaag het om te doen nie: Hy het 'n versoek om hoër koringpryse van die magtige boereblok geweier en aan hulle verduidelik dat as die broodprys styg, die hele delikate prysmeganisme uit verband geruk sal word. Waarnemers het hierdie optrede as „'n seldsame vertoon van moed” beskryf.

DWARSBOMING DEUR PARTYPOLITIEKE PERS

Sy metode is om met die betrokke belange-groepe persoonlik te praat en hulle tot sy standpunt te ooreed. Hierin word hy voortdurend in die wyle gery deur die partypolitieke pers, wat op hul tradisionele onverantwoordelike manier, aandrang op resultate binne enkele dae, hoewel hul eie partyregerings nooit enigiets

naby dit kon bereik nie. 'n Ander metode van die partypers is om die resultate te verkleiner en die volk se aandag af te trek van die ekonomiese veranderinge wat ingetree het.

Die Franse volk as sodanig is nie 'n arm volk nie. Intendeel, daar is meer goud in private hande as ooit voorheen, maar weens die partypolitieke spel het die Franse staat 'n toestand van bankrotskap bereik ten spyte van 'n ryk volk. Dit is Pinay se taak om die ewewig tussen volksrykdom en staatswelvaart te herstel, en die eerste tekens is dat hy daarin gaan slaag, mits die partypolitici nie met hul metodes van ondermyning slaag nie. Weens hul wantroue van die partypolitieke regerings het die Franse volk in die afgelope jare hulle toegelê op goudopgaarding. Volgens skatting is daar nagenoeg eenen-half biljoen pond se goud in private hande in Frankryk, en om dit in sirkulasie te kry, is een van die take van die Pinay-bewind. Sy eerste maatreeël, die uitgee van 'n goudonderskragde lening, is voorverlede week voltooi. Dit het £200 miljoen van die verborge geld te voorskyn gebring, wat as 'n besondere sukses beskou word.

POLITIEKE HERVORMING

Pinay is van plan om ook politieke hervormings te weeg te bring, daar hy besef dat die huidige regeringstelsel steeds 'n gevaar vir Frankryk sal bly, maar dit sal eers volg nadat hy die vertroue van die volk gewen het deur sy ekonomiese hervormings.

Weens die toenemende steun wat Pinay uit die partye se gelede wene, is die partyleiers daarop uit om hom so spoedig moontlik tot 'n val te bring, maar hulle moet dit doen op 'n wyse wat nie in die ooglopend is nie, uit vrees vir die volk. Maar hulle geniet wel die steun van die vakbonde en groot kapitaliste vir wie die inflasie 'n bron van groot wins was. Daar is dus 'n bondgenootskap van partypolitici, beroepsvakbondeleier en kapitaliste teen Pinay, en van die uitkoms van hierdie stryd hang die lewe van Frankryk af.

Met die kommuniste het hy reeds so afdoende afgereken toe hulle 'n paar maande gelede 'n landswyse staking wou uitroep, dat hierdie gevaar blykbaar vir die nabye toekoms die kop ingeslaan is. Moontlik slaag hy ook in sy stryd teen die partypolitici. Dan sal die wêreld getuie wees van nog 'n metode om van die partystelsel ontslae te raak.

Indië Steun Naturelle

Die Indiese regering beskou die versetpleging van nie-blankes in Suid-Afrika van die grootste belang en sal die saak by die V.V.O. aanhangig maak, luidens 'n verklaring van 'n lid van die Indiese regering.

Met die sitting van die Algemene Vergadering van die V.V.O. in Oktober sal Indië hierdie nuwe aanklag oor onderdrukking van nie-blankes voeg by sy ander sesjarige aanklag van onderdrukking van Indiërs.

BRILLE

Bring u oogarts se voorskrifte vir brille na ons.
GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD

Die Voortrekker-Aptek

Kerklaan, KAAPSTAD

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN

Besoek ons of skryf om besonderhede

NEURENBERG-HOF OMVER GEWERP

'n Geallieerde plan om die volle regte te herstel van Alfred Krupp, seun van die groot Duitse wapenfabrikant, wat deur die Neurenbergse Hof veroordeel is op aanklag van oorlogsmisdade, is opgestel vir voorlegging aan die Wes-Duitse regering. Sy eiendom sal weer ten volle aan hom teruggeskenk word nadat dit gekonfiskeer was.

Krupp, wat in Neurenberg tot twaalf jaar tronkstraf veroordeel is in plek van sy vader wat oorlede is na die oorlog, is verlede jaar deur die Amerikaners vrygelaat. Die Amerikaanse hoëkommissaris, John McCloy, het nou verder gegaan en die hofbevel wat sy eiendom verbeurd verklaar het, ook gekanselleer ten spyte van kwaai Britse en Franse teenkanting.

Hierdie stap van die Geallieerdes kan net een van twee betekenis hê: of hulle erken dat die Neurenbergse Hof 'n hof van ongeregtigheid was en dat hulle nou die reg weer wil herstel, of hulle het Krupp nodig in die bewapeningswedstryd teen Rusland. In laasgenoemde geval weerspreek hulle ook die gronde waarop Krupp veroordeel is, want as dit goed is dat sy fabriek nou ingespan word teen 'n vyand, dan was dit ook goed dat hulle in 1939 ingespan was teen 'n vyand.

NEURENBERG ONWETTIG

In verband hiermee is die bevinding van twee Britse gesaghebbendes oor die kwessie van „oorlogsmisdade” van belang. Hulle is lord Hankey en burggraaf Maugham wat in 'n pas gepubliseerde werk, „Uno and War Crimes” tot die slot kom dat geen individu weens oorlogsmisdade verhoor kan word nie omdat daar wel so iets soos oorlogsreg in die volkereg bestaan. Persone kan net verhoor word in sover hulle

die reëls van die oorlogsreg self skend. Om oorlog te maak kan geen strafbare misdaad wees nie en om aan 'n oorlog as persoon deel te neem kan dus net so min 'n strafbare oortreding wees.

Die beskrywing van 'n oorlog as 'n „aggressiewe” oorlog, maak dit ook nog geen misdaad nie, aangesien dit onmoontlik is om te bepaal wanneer 'n oorlog 'n aanvals- of 'n verdedigingsoorlog is (die beste verdediging is soms juis 'n aanval).

Die aanklag „misdad teen die vrede” beskou die skrywers as 'n blote politieke frase sonder enige regsbetekenis.

STALIN SE HOF

Neurenberg se wraakhof word dus nie net in die praktyk nie, maar ook in teorie tans verwerp. Die vraag is net watter rol die voorbereiding op 'n nuwe oorlog in hierdie verwerping speel. Een ding is seker, en dit is dat as Stalin die volgende „aggressiewe oorlog” moet wen, hy met die grootste mate van regverdiging op die regterstoel wat die Westerse Geallieerdes in Neurenberg opgerig het, sal kan gaan sit om die vonnis oor die verslane politici, leërowersters en wapenfabrikante uit te spreek.

§ „DIE O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukery, Birdstraat, Stellenbosch, vir die elenaars en uitgewers, Voorslag (Edms.) Beperk, Grootte Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

NET 'N PAAR ITEMS

om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk

Giant Potloodskerp makers ...	24/3
Elite Draadhegmasjiene ...	38/0
Dubbele Glas Inkpotte ...	10/9
Afrolpapier 13 dm. x 8 dm. ...	10/2
Tikpapier 13 dm. x 8 dm. ...	12/0
Tikpapier 10 dm. x 8 dm. ...	9/0
Losblad Grootboeke—alle groottes in voorraad vanaf	88/0

Alle Kantoornodigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.

SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.

Keeromstraat 95, KAAPSTAD

Telefoon 2-7071

O.B. JAARGANGE

JAARGANG 1950—1951

Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk.

PRAGTIG INGEBIND

VOORRAAD BAIE BEPERK

BESTEL DUS DADELIK BY:

VOORSLAG (EDMS.) BPK.

Groote Kerk-gebou 703

Kaapstad

O.B.

VRIENDSKAPSENTRUM

Groote Kerkgebou 604, Kaapstad

Vir

Heerlike koffie: Tee: Koeldranke: Roomys: Geroosterde brood: Toebroodjies: Soep en Nagereg

Besoek ons wanneer u in Kaapstad is

Ons pryse—die billikste

Ons diens—die beste